



IN DIE LETTERKUNDE BIED EROTIESE TONELE EN STOMENDE BESKRYWINGS GEENSINS 'N WAARBORG VIR KOMMERSIËLE SUKSES NIE ...

# Die gewaagde boek



**A**s deel van al die veranderinge in Suid-Afrika sedert 1990 word Afrikaanse lesers al hoe meer blootgestel aan boeke waarin seks 'n belangrike rol speel. Deesdae is daar fiksie wat die hele spektrum van seks en verhoudings dek; van onskuldige liefdesverhale tot verhale oor sadomasochisme en sekswerk.

Uitgewers het ontdek daar is 'n mark vir meer gewaagde werke, maar ook uitgevind dat seks nie noodwendig blitsverkopers beteken nie.

Meer as 25 jaar ná die eerste publikasie daarvan word Marita van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie* steeds as 'n mylpaal in die Afrikaanse uitgewersbedryf beskou. Die boek het derduisende kopieë verkoop en is wyd vertaal – die seksueel bevryde Griet en haar skepper het die stem geword vir 'n hele geslag Afrikaanse vroue.

Maar ongeag *Griet* se “reputasie” is die boek ook, soos die res van dié gevierde skrywer se oeuvre, humoristies, sardonies en elegant.

## Die moets en moenies

Marita skryf steeds met selfvertroue oor seks, maar sy is ook deeglik bewus van die slaggate wat sulke skryfwerk inhou.

“'n Mens kan jouself maklik opblaas,” sê sy. “Dis 'n mynveld. Sentimentaliteit, pers prosa, clichés en gemengde metafore kan jou pootjie. Om oor seks te skryf is nie net pret nie, dis vrek moeilik.”

Alta Cloete, ervare romanse-, liefdesverhaal- en kortverhaalskrywer, glo daar is 'n duidelike onderskeid tussen letterkunde en romantiese fiksie wanneer dit by

seks kom. “In romantiese fiksie slaag seks gewoonlik wanneer dit in meer emosionele as fisieke terme beskryf word. Ek dink lesers van Afrikaanse liefdesverhale deins nog 'n bietjie terug vir eksplisiete seks. As 'n mens vir ontvlugting lees, wil jy sagter deur die skrywer hanteer word,” sê sy.

Chanette Paul, skrywer van tientalle romanses, asook liefdes- en aksieromans, meen 'n beskrywing wat te grafies is – net soos beskrywings wat te soetsappig is – kan maklik platvloers klink.





Ook vir haar is die onderskeid tussen genres belangrik. “'n Suksesvolle liefdes- of sekstoneel sal heeltemal anders lyk in 'n romanse as in 'n spanningsroman of literêre werk.”

Mense dink seks is 'n manier om boeke te verkoop, maar volgens Frederik de Jager, wat destyds die uitgewer van *Griet skryf 'n sprokie* was, is dit nie noodwendig waar nie.

“Die feit dat *Griet* 50 000 kopieë in die eerste jaar verkoop het en steeds in druk is, het net soveel te doen met die aweregse humor en die feit dat mans nie die botoon in die boek voer nie. Hierdie ligte aanslag het waarskynlik die groen lig gegee vir baie lesers wat andersins afgeskrik sou gewees het om verder te lees,” sê Frederik.

Die bekroonde skrywer Eben Venter, wie se verhale dikwels die gay-wêreld intiem verken, wou in sy jongste boek, *Groen soos die hemel daarbo*, skryf oor die uitwerking van seks “op die sintuie, die sweet en die vel en die gedagte-wêreld; sonder dat dit verval in die snelverveling en domprikkeling van pornografie”.

En volgens lesers én resensente slaag hy deeglik daarin.



DIS 'N MYNVELD. SENTIMENTALITEIT, PERS PROSA, CLICHÉS EN GEMENGDE METAFORE KAN JOU POOTJIE. OM OOR SEKS TE SKRYF IS NIE NET PRET NIE, DIS VREK MOEILIK.

– MARITA VAN DER VYVER

## Dapper én eerlik

Annelise Erasmus, skrywer van erotiese boeke soos *Maanvrug* en redakteur van die webblad Kombiekiehier, waarsku ook teen clichés. Sy sê 'n skrywer moet dapper wees om oortuigend oor seks te kan skryf. “Hoe meer 'n skrywer na die intieme ruimte van die karakters beweeg, hoe dapperder en eerliker moet hulle skryf om te oortuig.”

“Dapper” is beslis 'n woord wat gebruik kan word wanneer dit by die skrywer Kleinboer kom. Die wêreld van sekswerkers en drank in Hillbrow en Yeoville in sy boeke is beslis vreemd vir die gemiddelde Afrikaanse leser. Nogtans vind sy werk aanklank by ernstige én minder ernstige lesers.

Sy karakters, selfs die prostitute wat deur die verteller besoek word, word met deernis uitgebeeld en sy werk is vol literêre en Bybelse verwysings, asook jeugherinneringe aan 'n Afrikaanse wêreld wat nie meer bestaan nie.

Kleinboer glo 'n eksplisiete benadering is 'n groot fout wanneer jy oor seks skryf. “Jou skryfwerk moet ook nie

humorloos wees nie,” sê hy. “Daar moet, wat my betref, 'n sekere speelsheid wees.”

Hierdie speelsheid, gekombineer met sy uitstekende prosa, het aan sy boek *Kontrei* in 2004 die UJ- en die Jan Rabie-prys besorg. Met die verskyning van sy derde boek, *Hierdie huis*, het die akademikus Johann Rossouw sy skryfwerk gunstig met dié van Karel Schoeman vergelyk. Diegene wat 'n Kleinboer-boek koop net vir die seks, gaan beslis teleurgesteld wees. Seks staan sentraal tot sy werk, maar sy boeke bied ook 'n sleutel tot 'n groter wêreld, 'n wêreld vol insig, humor, emosie en deernis.

Ons lees om intellektueel gestimuleer te word, dinge oor onself en die wêreld te leer of sommer net om te ontsnap. Boeke wat hierdie dinge regkry, is die boeke wat ons laat aanhou lees.

Dit is moontlik om 'n boek te skryf wat net op seks fokus, maar die meeste lesers gaan gou verveeld raak en na iets anders soek. Seks op sy eie is nie genoeg om ons te boei nie. ♡

DEUR: HARRY KALMER  
FOTO'S: VERSKAF